God se Verskil
NGK Stilbaai

# Gemeentenuus

**10 Mei 2026**

## *Hierdie week in die Gemeente*

**Sin. Deurkollekte: Badisa Kaapstad**

| | |
|---|---|
| **08:20** | **Jeugdiens: Kerk**<br>*Ds. Mauritz Heyneman* |
| **10:15** | **Erediens: Kerk (Nagmaal)**<br>*Ds. Mauritz Heyneman* |
| **10:15** | **Erediens: Huis Stilbaai (Nagmaal)**<br>*Ds. Francois Taljaard* |

## *Volgende week*

**Sin. Deurkollekte: Zim/ Malawi/ Mosambiek**

| | |
|---|---|
| **08:20** | **Jeug Pinksterdiens: Kerk**<br>*Ds. Francois Taljaard* |
| **09:30** | **Pinksterdiens: Jongensfontein**<br>*Prop. Deona Aucamp* |
| **10:15** | **Pinksterdiens: Kerk**<br>*Ds. Francois Taljaard* |
| **10:15** | **Erediens: Huis Stilbaai**<br>*Ds. Mauritz Heyneman* |

## *Sinodale Deurkollekte:*

Hierdie week se Sinodale Deurkollekte word opgeneem vir **Badisa Kaapstad.**

Indien u 'n bydrae wil maak kan u dit per EFT of Snapscan oorbetaal.

**Merk asb. u bydrae:**
**"Badisa Kaapstad"**




## *PROGRAM VIR DIE WEEK*

**MAANDAG: 11 MEI**
17:00 Kooroefening by die kerk
**WOENSDAG: 13 MEI**
10:00 Voorbidding by die kerk
17:30 Leef Logos Bybelskool by die kerk

## DANKBAARHEIDSMAAND

Definisie van dankbaarheid: "*Gevoel van dank en waardering, of dit waarvoor iemand dankbaar is.*"

Die gawe van dankbaarheid word deel van ons lewe wanneer ons ten volle besef wat God vir ons uit genade gedoen het en dit ons dryfkrag word om elke dag vanuit dankbaarheid te leef.

Mei-maand is ons gemeente se Dankbaarheidsmaand. Gedurende hierdie maand fokus ons spesiaal op ons dankbaarheid teenoor die Here. Dis dan ook 'n maand waarin ons lidmate 'n spesiale dankoffer in die Here se skatkis plaas. Ons erken dat die Here ons versorger en trooster is en in al ons behoeftes voorsien. Ons gee dus uit dankbaarheid en met vreugde vir Koninkrykswerk.

Hier volg 'n kort oorsig van waarvoor hierdie fondse hoofsaaklik gebruik word?

- Sending: Ons ondersteun 11 Sendelinge / sending organisasies regoor die wêreld. Badisa Stilbaai: Alimentasiegelde, wat help met kos en klere vir baie behoeftige mense in Stilbaai, Jongensfontein en Melkhoutfontein.
- Woordverkondiging: Leraars word vergoed om by verskillende preekpunte te preek (Stilbaai, Jongensfontein en Melkhoutfontein) asook om pastorale versorging in die gemeente te doen.
- Personeel en Admin: Personeel is nodig om die administrasie in die kantoor te bestuur sowel as om die tuine en geboue te versorg.
- Eiendomme en Toerusting: Die kerk se eiendomme en toerusting het konstante onderhoud nodig.
- Sinodale Aandeel: Maandeliks word 'n bedrag aan die Sinode oorbetaal.
- Jeuguitreike: Jeugkampe sowel as jeuguitreike word jaarliks gedoen.
- Senior Bediening: Hierdie bediening reël 'n uitreik en spesiale geleenthede vir ons senior lidmate.

In die Bybel word ons herinner om ons offergawes te gee:
2 Kor. 9:7 "*Laat elkeen gee soos hy vooraf in sy hart besluit het – nie met droefheid of onder dwang nie (maar uit dankbaarheid), want God het 'n blymoedige gewer lief.*"

Hierdie spesiale Dankbaarheidsoffergawes kan per EFT of Snapscan oorbetaal word. Merk asseblief as verwysing: *Dankbaarheidsmaand*. Spesiale Dankbaarheidskoevertjies is in die voorportaal by die kerk en by die kerkkantoor beskikbaar, vir diegene wat verkies om kontant te gee.

Elke oggend wat ons ons oë oopmaak, is "genade tyd". Kom ons wys ons dankbaarheid teenoor die Here hierdie Mei-maand.

JAPANSENDING
JAPAN MISSION
"Call unto Me, and I will answer thee" (Jer. 33:3)
"Roep My aan, en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)

Neil en Peggy Verwey was deel van die stigting van Japansending in 1957. Die bediening groei steeds met hul seun en kleinseun as sendelinge.

Kom kuier saam met David en Sue Verwey en deel in die ryk ervaring van hul Koninkrykswerk in die unieke land!

***SATERDAG, 16 MEI om 11:00 in die sysaal van die N.G. KERK STILBAAI***.
Kontak gerus vir Hannatjie Drotske by 082 215 6532 vir meeer inligting.

## LEEF LIEFDE – PROJEK

Dit is weer die tyd van die jaar waar ons hande vat met al die gemeentes in Stilbaai vir die ***Leef Liefde - projek***.

Op **18 en 19 Mei** kollekteer ons en op **20 en 21 Mei** deel ons uit aan behoeftiges.



Ons het almal se skenkings nodig van goedere wat nie meer gebruik word nie. Dit sal ook heerlik wees as jy kan kom help uitsorteer en pak. Bring jou skenkings op 18 en 19 Mei na die AGS-kerk.

***Kontak Anwyn Dreyer by 074 602 5295 vir verdere inligting***.

## LERAARS: SPREEKKAMER

**Ds. Vian Louw** sal hierdie week by die spreekkamer aan diens wees.

Indien u 'n afspraak wil maak, skakel ons gerus by die kerkkantoor by 028) 754 1705 of stuur 'n Whatsapp boodskap na 072) 043-6057.



## Met Leedwese

Ons harte gaan uit na die familie en vriende van

***Erik Janse van Rensburg***
***Anso le Grange***
***Jessie Schreuder***
***Chris Heese***

wat oorlede is. Ons bid die Here se krag en vertroosting oor hul familie in hierdie baie moeilike en hartseer tyd.

***Indien u van adres of persoonlike inligting verander het, kontak asb. die Kerkkantoor sodat ons u inligting kan opdateer.***

## KOFFIE BY DIE KRUIS – KOFFIEWINKEL

***Ons is terug !!!! 29 Mei 2026 !!!!***







Ons gaan weer lekker kuier by ons Koffiewinkel op **Vrydag, 29 Mei 2026** vanaf **09:30** tot "uitverkoop" en dit beloof om weereens 'n fees van heerlike lekkernye te wees! Ons moedig u aan om lekker saam te kom kuier en nuwe vriende te maak en daarom het ons ook besluit dat "takeaways" eers ná **11:00** beskikbaar sal wees. Dit gee almal dan 'n regverdige kans om te kom smul aan al die lekkernye.

Die Gasvryheidsbediening het egter u hulp **BAIE** nodig.

**Indien u bereid sou wees om vir ons gebak (soet of sout) vir die koektafel te maak of 'n passie het vir gasvryheid, kan u vir Elsona Matthee skakel by 082 692 2242 of die Kerkkantoor by 028-754 1705.**

**"SPECIAL OF THE DAY"**

**PANNEKOEK @ R7 elk**






## LIDMAATSKAP-SERTIFIKATE

Die volgende lidmate se lidmaatsertifikate het na ons gemeente oorgekom:

***Danie en Alma van Schalkwyk van Richlieuslot 7, Kloofsig, het oorgekom vanaf Fraserburg gemeente.***

Baie welkom aan julle.

| Leraars Besonderhede: | Bank Besonderhede | Kerkkantoor Inligting |
|---|---|---|
| **Ds Francois Taljaard**, tel. 061) 460-6404 (Kloof & Platbos)<br>**Ds Vian Louw**, tel. 074) 131-7967 (Almal 50 jaar & jonger)<br>**Ds Mauritz Heyneman**, tel. 071) 159-9525 (Suidsee & Oewer (Stilbaai Oos en Plase Oos))<br>**Ds Schalk Kotzé**, tel. 083) 655-7930 (Hawe & Jftn)<br>**Prop. Deona Aucamp**, tel. 082) 470-8144 (Brug & Rivier) | Nedbank<br>Rek. Naam:<br>N.G. Kerk Stilbaai<br>Rek. Nr. 1626-522-391<br>Takkode: 198-765 | Pastoriestraat 15, Stilbaai, 6674<br>Posbus 23, Stilbaai, 6674<br>Tel nr. (028) 754-1705<br>Faks nr. (028) 754-2827<br>Epos: lydiaheyns@ngkstilbaai.co.za<br>admin@ngkstilbaai.co.za |

# BEDIENING VIR GETUIENIS EN DIENS

## *ERNST TOERIEN SÊ DANKIE*



Namens ons familie, wil ek julle hartlik bedank vir die gasvryheid waarmee ek hier ontvang is, en vir al die geleenthede wat vir my gereël is waartydens ek kon deel oor die werk wat die Here in Myanmar doen deur ons bediening.

My ondervinding tydens my huidige besoek aan Suid Afrika was meestal nie baie positief nie, met min mense wat belang gestel het om te luister, maar ek kan tereg sê dat dit nie die ervaring was wat ek in julle gemeente beleef het nie. Sovele groepies het my so hartlik ontvang en met aandag geluister.
Uit die diepte van my hart, baie dankie.

Nou wat ek weer op pad is die slagveld in, bly asseblief bid vir my en my gesin wat hier in Suid Afrika agterbly.

Soos ek met baie van julle gedeel het, wil ek julle los met die boodskap: terwyl daar asem is in n kind van die Vader, het elkeen van julle n taak om nog te vervul in die Koninkryk. Onthou dat ons taak eers eindig die dag wat Hy ons Huis toe neem. Tot dan, laat ons saam baklei in die Enigste Ware Koninkryk sodat Sy Wil ook hier en in Myanmar sal geskied.

Baie liefde en baie seën.
Ernst

## *ANDRÉ MATHEE - VOORSITTER VIR BEDIENING VIR GETUIENIS EN DIENS GEE TERUGVOERING OOR DIE AFGELOPE BESOEK VAN ERNST TOERIEN*

Ernst se besoek is verby en hy is weer op sy lang reis terug oppad na Myanmar. Dit was 'n kort en "vinnige" besoek met 'n vol program van gesprek geleenthede. Om te voorkom dat die terugvoer afgewater word, hier is woordelikse aanhalings van verskillende partye…

''Ek het tweekeer die voorreg gehad om saam met dié nederige kind van God te kuier, en elke keer het hy my hart diep geraak. Ek dank God vir mense soos Ernst. Hy het ons omgeegroep opnuut begeester om te sien, te doen en om te gee in dié deel van die koninkryk waar ons geplaas is."

"Ernst se besoek aan ons omgeegroep het ons almal weer bewus gemaak van ons almal se opdrag maar ook van die volharding van gelowiges wat onder baie moeilike omstandighede steeds die Here Jesus volg. Ons besef dit gaan nie oor ons nie, maar oor Christus en sy koninkryk. Dankie baie!"

"Ernst het die sluier oor die onbekende oorlog geteisterde Myanmar se mense 'n bietjie gelig. Ons het weer nagedink oor God se liefde vir die WÊRELD, en die groot uitdaging om dit onder moeilike omstandighede met groot persoonlike 'opofferings' te gaan bekend maak. Die visie om plaaslike mense te bemagtig deur Bybelskoling en kerkplanting kry 'n groot 'JA' van ons kant af. Seën op die bediening en die Travelling Bible Youtube projek toegebid."

"Ek het maar net weer besef hoe bevoorreg ons is en hoe moeilik die werk is wat hy doen, maar as God werk kan niemand dit keer nie. Hy het ons ondersteuning en gebede baie nodig."

"Dit was 'n groot voorreg om Ernst Dinsdag-aand hier by ons Baptiste te hê. Sy deel oor sy bediening was baie skokkend en uitdagend, so dit het die mense aan die dink, praat en bid."

"Verskil word nie van buite gemaak nie, maar daar waar jy saam met die mense loop, huil, swaar kry en lag. Om getuie te wees vra 'n prys. Om getuie hier te wees kan dalk 'n sosiale prys kos maar in Myanmar weet Christene dit kan hul lewe kos. Was sommer net goed om as medewerkers mekaar in die oë te kyk en te deel."

"Ons het baie geleer oor die onbekende Myanmar en die gevaarlike omstandighede daar. Ons prys die Here dat sy kerk ook daar gevestig is en vir al die Christene om te volhard. En ons bid vir Ernst en sy gesin en dat hy baie sal kan oplei om uit te gaan. En ons het geleer om meer onverskroke in ons kring te getuig."

Hierdie getuienisse wys duidelik hoe Ernst se bediening harte raak, perspektiewe verander en gelowiges opnuut roep tot gehoorsaamheid en betrokkenheid. Dit beklemtoon die werklikheid van geloof onder druk, maar ook die krag van God se werk wat deur gewone mense sigbaar word. Mag hierdie inspirasie nie net bly by woorde nie, maar oorgaan in volgehoue gebed, ondersteuning en daadwerklike betrokkenheid in God se koninkryk.

**Sluit gerus aan by Ernst se YouTube Kanaal en ondersteun so die werk in Myanmar, Travelling Bible: UC_hcEvEJRqo6BFDOAcVHKTQ**